**HARTLEYWEG LAERSKOOL**

**BEGRIPS**

**GRAAD 6-2020**

**LEES DIE SPROKIE EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG:**

**Woordeskat: Gebruik jou woordeboek om die volgende Engelse betekenis te kry.**

| **Afrikaans woord** | **Engelse betekenis** |
|---|---|
| Gesin | |
| Sonder | |
| Gangkas | |
| Sluit | |
| Bêre | |
| Brandmaer | |
| Deurmekaar | |
| Vreeslik | |
| Geraamte | |
| Veearts | |
| Verby | |
| Stap | |

## KAT LEEF NA 32 DAE SONDER KOS OF WATER

**1. Die Neser-gesin van Empangeni se Siamese kat, Simon, was vir 32 dae sonder kos of water in 'n gangkas toegesluit.**

**2. Toe Mevrou Neser twee en dertig dae later materiaal in die kas wou bêre het die kat uit die kas geklim. Die kat wat altyd slange in die tuin gevang het, was nou brandmaer.**

**3. Mevrou Neser sê : " Dit was vreeslik. Die arme kat was net 'n geraamte. Sy hare was deurmekaar en sy naels baie lank. Die eerste ding wat hy gedoen het, was om na sy kosbak in die kombuis te soek. "**

**4. Hoe die kat in die kas gekom het , weet niemand nie. Vir twee en dertig dae gelede het die kat nie gekom om sy middagete te eet nie. Mevrou Neser het gedink die kat was nie honger nie. Hy het seker 'n voël of 'n akkedis gevang. Maar toe die kat na 'n paar dae steeds weg was, het die Neser-gesin gedink hy is dood.**

**5. “ Ek verstaan glad nie waarom die kat nie gemiaau of ‘n geraas gemaak het nie. Ek het honderde keer by die kas verbygestap , ” het Mevrou Neser gesê.Simon was vir tien dae in die hospitaal en die veearts het hom vir een week aan die drup gekoppel.**

**Vrae**

1. Watter tipe kat is Simon?

________________________________________________________

2. Hoe lank was die kat sonder kos en water?

________________________________________________________

3. Hoekom het mevrou Neser die kas oopgemaak?

________________________________________________________

4. Wat het die kat graag in die tuin gedoen?

________________________________________________________

5. Wat het Mevrou Neser gedink toe die kat nie sy middagete kom eet het nie?

________________________________________________________

6. Watter geluid maak ‘n kat?

__________________________________________________________.

7. Behalwe slange, noem enige ander "dier" wat Simon in die tuin gevang het?

__________________________________________________________.

<u>8. Sê of die volgende sinne waar of onwaar is. Haal 'n sin uit die teks om jou antwoord te motiveer:</u>

8.1 Die kat het vir kos gesoek toe hy uit die kas geklim het.

________________________________________________________

_________________________________________________________.

8.2 Mevrou Neser het nooit by die kas verbygestap nie.

9. Hoe noem ons 'n dokter vir siek diere?

10. Watter les kan ons mense uit hierdie storie leer?

